DYNAMIC ACTION TO REBUILD AND ENHANCE

Archive Testimonials

STUDY WORX (Grade 8 -12)

Lynzee Hays (Gr 11) – Hoërskool Outeniqua (Mei 2016): "Dit het baie vir my beteken, want dit het my insig gegee oor die vermoë wat ek het om alles te kan doen. Ek het nuwe eetmetodes en leermetodes geleer en klomp kennis ingekry en ek sal dit beslis toepas. Ek het net geweet dat hierdie opleiding wonders kan verrig. Die opleiding is verstaanbaar en duidelik weergegee en die tannie is vrek oulik".

Melt vd Westhuizen (Gr 10) – Hoërskool Outeniqua (Mei 2016): Dit het my gehelp om my spoed van leer te vermeerder sowel as die kwaliteit en kwantitiet van wat ek leer te verbeter. Ek het geleer om alles rondom my te gebruik om te leer sodat ek my werk beter kan onthou. Die opleiding was baie beter as wat ek verwag het. Die opleiding het alles aangespreek waarmee ek gesukkel het".

Suzette van Niekerk (Ouer) – Hoërskool Outeniqua (Mei 2016): "Dit het my nuwe hoop gegee dat leer, konsentrasie moontlik is na trauma. Die opleiding het vir my geweldig baie geleer! Ek hou van die leertegnieke en konsentrasie-oefeninge. Die opleiding het my stoutste verwagting oortref en was baie interressant".

Shani Fourie (Gr 10) – Hoërskool Jeugland (Mei 2016): Die opleiding het my gemotiveer om weer hard te leer en heeltyd opsommings te doen. Ek het breinoefeninge, metodes van opsom en leer, geleer. Die opleiding het my baie positief gemaak vir leerwerk".

Kristen Janse van Vuuren (Gr 9) – Monument Hoërskool (Mei 2016): Ek voel hierdie opleiding is die eerste stap om te verseker dat ek 'n nuwe blaadjie omgeslaan het. Dit sal my regtig baie help. Dit het my geleer dat 'n mens jouself kan dommer stres. Ook hoe om alle druk te hanteer en om my punte beter te kry. Ek is seker ek sal dit kan toepas. Ek het verwag om verligting te voel en ek voel nou tonne ligter. Die opleiding was "Great"! Ek het myself geniet, dit was glad nie vervelig nie".

Danika vd Merwe (Gr 12) – Monument Hoërskool (Mei 2016): Die opleiding het vir my meer as die wêreld beteken! Dit was deur genade wat ek hier kan wees en dit het so baie vir my openbaar ivm leer. Ek het baie nuwe leermetodes en ook hoe die brein werk geleer! Die opleiding het my opgewonde gemaak vir leer. Die opleiding was puik!"

Chané Oosthuizen (Gr 11) – Potchefstroom Gimnasium (Maart 2016): "Dit het my perspektief oor leer en sukses in die lewe verbreed. Ek glo dis 'n keuse. Ek gaan moet kies om dit toe te pas. Dit het my nuwe maniere oor hoe om te studeer geleer. Die opleiding bied iets anders as die normale. Die opleiding was uitstekend. God heers oor die opleiding".

Carla van Zyl (Gr 10) – Potchefstroom Gimnasium (Maart 2016): "Ek is baie positief oor die veranderinge wat ek in my lewe gaan toepas. Dis baie eenvoudige goed wat ek geleer het wat ek sal

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

kan toepas. Dit het my geleer om altyd eers doelwitte te stel waarheen jy werk. Ek is baie beïndruk deur die program. Die opleiding is puik nes dit is".

Maridine Rossouw (Gr 11) – Potchefstroom Gimnasium (Maart 2016): "Het my meer selfvertroue, en dat ek altyd moet positief wees, gegee. Dit het my laat besef dat ek kan en moet net bietjie moeite doen, en 'n verskil in my lewe maak dan sal ek uikom waar ek wil. Ek het geleer om in myself te glo en positief te wees en 'n doelwit te hê. Ek sal die opleiding kan toepas. Die opleiding het my gewys dat almal 'n talent het en 'n doel het, jy moet net in jouself glo. Die opleiding is reg nes dit is, daar is niks wat kan verbeter nie".

Anke Bezuidenhout (Gr 10) – Hoërskool Schoonspruit (Maart 2016): "Beter verhouding met God en dat leer lekker en kreatief kan wees. Ek het beter tydsbestuur geleer en ook maniere om op te som. Ek sal alles wat ek geleer het kan toepas. Die opleiding het aan my verwagtinge voldoen, want ek weet nou dat EK KAN. Ek dink dis 'n baie behulpsame opleiding wat perfek aangebied word".

Frané Joubert (Gr 11) – Hoërskool Schoonspruit (Maart 2016): "Dit beteken vir my baie deurdat ek weet nou wat my brein instaat is om te doen. Ek sal dit kan toepas, ek weet dat dit werk, ek het dit geoefen, ek weet ek gaan 'n sukses maak van alles. Die opleiding het my verbaas maar bly en opgewonde gemaak. Die opleding is fantasties".

Johalet Schoeman (Gr 10) – Hoërskool Pretoria Noord (Februarie 2016):"Die opleiding gaan my help om beter te konsentreer, en om wat ek leer te onthou, en dit het vir my leermetodes gegee. Ek het geleer om baie water te drink, om breinoefeninge te doen en makliker te leer. Ja, ek sal die opleiding kan toepas. Die opleiding het aan my verwagtinge voldoen, want ek wil my drome laat waar word en ek wil beter doen op skool. Die opleiding is baie goed en dit gaan nog baie mense help, soos dit reeds het".

Renata de Beer (Gr 8) – Hoërskool Pretoria Noord (Februarie 2016): "Ek kan nou makliker leer en konsentreer. Ek voel positief en reg vir Hoërskool. Ek het verskillende breinoefeninge en opsommingsmetodes en eetgewoontes en leermetodes geleer en ook om in jouself te glo en positief te wees. Die opleiding bevat alles wat ons nodig het met betrekking tot leer en opsom en "even" tevredenheid met die lewe".

Jandri de Bruin (Gr 10) – Hoërskool Pretoria Noord (Februarie 2016): "Ek het baie antwoorde gekry oor my geloof en liggaam (brein) en skoolwerk. Ek het geleer om baie water te drink, om baie te lag en om positief te wees is die sleutel van die lewe. Alles waaroor ek gewonder het oor my brein is beantwoord. Die opleiding was baie uniek en lekker".

Janelle Cronjé (Gr 12) – Hoërskool Rustenburg (Februarie 2016): "Dit gaan my baie help met my finale jaar van Hoërskool. Het nuwe maniere hoe om op te som geleer. Ek het dit van die eerste dag van die opleiding begin toepas. Ek het verwag dat dit baie inligting sal wees en moeiliker werk, maar dit was

nie en ek is bly. Dit is makliker om toe te pas".

Theo van Zijl (Gr 8) – Hoërskool Rustenburg (Februarie 2016): "Ek vind dat die opleiding nie net my akademie sal versterk nie maar ook my geestelike self. Ek het geleer hoe om te leer en beter te presteer in alles wat ek doen en EK KAN dit toepas. Ek het meer geleer as wat ek vir kon hoop. Die opleiding is perfek". Jeanine Fourie (Gr 12) – Hoërskool Rustenburg (Februarie 2016): Die opleiding het vir my baie beteken omdat ek besef het ek doen 50% van die werk alreeds vandat ek my toekoms besluite gemaak het. Dit het net iets soos die opleiding gevat om my te wys ek was op die regte plek en die opleiding het vir my riglyne verskaf. Dit het my meer motiveer. Ja, ek gaan dit wat ek geleer het toepas omdat ek weet ek het 'n "sterk mindset" en ek wil my toekomstige drome baie graag hê. Die opleiding het aan my verwagtinge voldoen omdat dit my tyd werd was en my aandag was altyd teenwoordig".

Charne Merrick – Parel Vallei High School (September 2015): "It has really opened my eyes and given me many new ideas on how to better my living. Thank you very much for everything. I found it very interesting and I have learned a lot. I loved the Christian presence".

Courtney Pritchard – Parel Vallei High School (September 2015): "I have learned things I never knew existed about the brain. I have learned many different study techniques and really think I will excell now that I know what to do. Well done to the DARE program, it has helped me so much and I am so happy I had the opportunity to attend this course. For those who never attended this course, they do not know what they missed out on!"

Jacob vd Westhuizen – Parel Vallei High School (September 2015) : "It has helped me find ways to help me improve my academics and apply the work I have learned into tests and exams. Thank you for sharing your knowledge with us, it has already helped me so much".

Joan Jacobs – Hoërskool Stellenberg (September 2015): "DARE was vir my ongelooflik interressant en het vir my baie nuwe vaardighede aangeleer. DARE is nie net om mens se punte te verbeter nie, maar dit verbeter ook jou selfbeeld en het 'n ongelooflike Christelike verband daaraan geheg".

Jonelle Strydom – Hoërskool Montana (September 2015): "Dit beteken vir my baie, dit sal my help vorentoe in my skoolloopbaan en lewe. Ek het besef dat jy nie altyd dieselfde leermetode hoef te gebruik nie, daar is baie ander. Ek het hierheen gekom om meer te leer oor hoe om te ontblok en dit het verskriklik baie gehelp. Ek dink die opleiding is puik en dit is uitstekend wat julle doen en hou so aan".

Adri Botha – Hoërskool Overkruin (September 2015): "Dit het my geleer as jy die regte "mindset" het, kan jy jou doelwitte bereik. Dit het vir my daaglikse oefening take gegee om te doen en ek sal my bes probeer om die meeste, so goed as moontlik te kan toepas. Die opleding het vir my groot oplossings gewys wat leerwerk vir my eenvoudiger maak".

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

Brendan Pretorius – Hoërskool Jan van Riebeeck (September 2015): "Hierdie opleiding het my baie gehelp om my brein nog verder te ontwikkel, dit was uitstekend. Ek het nuwe leermetodes en nuwe maniere om beter te konsentreer geleer en ek sal dit defnitief kan toepas. Die opleiding bo my verwagting! Alles was baie goed gedoen en ek is tevrede met die opleiding wat ek ontvang het".

Marlette Smit – Hoërskool Dirkie Uys (Augustus 2015): "Die opleiding het vir my ongelooflik baie beteken – dit het vir my geleer hoe om my brein ten volle te gebruik soos ek beskik was deur God in die eerste plek. Ek het geleer van breinoefeninge en hoe om wiskunde op te som en gewone werk op te som en hoe om doelwitte te stel en ek kan dit toepas. Ek dink die opleiding is baie doeltreffend".

Melissa Henning – Hoërskool Brackenfell (Augustus 2015): "Dit het my laat besef dat ek nie die regte leermetodes het nie en dis hoekom ek swak doen op skool – ek is reg om nuwe aanpassings te maak en te leer. Ek sal wat ek geleer het kan toepas en ek sal baie makliker kan opsom en leer en dit op Universiteit kan gebruik. Ek het nie besef wat ek verkeerd doen nie en nou weet ek. Die opleiding was briljant".

Janine Heyneke – Hoërskool Brackenfell (Augustus 2015): "Die aanleer van maniere en dinge wat ek kan toepas sodat ek my brein meer kan benut en breinblokke kan voorkom. Dit het my meer bewus gemaak van maniere hoe ek kan keer dat ek nie neurologiese stres ervaar nie asook nuwe leermetodes. Dit het my verwagtinge oortref, ek het meer inligting ontvang as wat ek verwag het".

Danielle Botha – Hoërskool Fochville (Augustus 2015): "Dit het baie vir my beteken in die opsig dat ek nuwe insig tot studiemetodes en die werking van die brein kon kry en nou alles in my vermoë kan doen (beskik oor nodige inligting) om my akademie te verbeter. Ek het studiemetodes (om breinkaarte reg te benut) en hoe om jou brein optimaal te laat funksioneer, geleer. Ek voel gemotiveerd en gereed om met die metodes en oefening te begin. Dit was baie insiggewend en ek is bly ek het dit bygewoon".

Christea van Zyl – Hoërskool Oos Moot (Augustus 2015): "Dit het my help om te besef dat ek nie my limiete bereik het in skoolwerk nie en dat 'n mens breinoefeninge nodig het. Noudat ek weet hoe om my brein te oefen sal ek dit kan toepas. Dit het vir my nuwe wyses geleer om beter te kan wees. Dit opleiding was perfek soos wat dit nou is".

Leyla Ucar – Hoërskool Monument (Mei 2015): "This training has given me a doorway to possibilities, I couldn't begin to imagine. I found a way to prevent my brain from down-shifting. I started applying what I have learned in the training and I already had a 4% increase in math!".

Christopher Strydom – Hoërskool Monument (Mei 2015): "Ek voel nou gemotiveerd en reg vir my toetse. Ek het geleer hoe om my "brein" te gebruik. As ek die breinoefeninge ("Pace") doen, glo ek enige-iets is moontlik. Die opleiding het my alles oor die brein geleer wat ek wou weet. Die opleiding

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

was “amazingly cool” verby!”.

Amber Capper – Sutherland High School (May 2015): “It allowed me to see that I can improve my studies and what I have learned can also help me in different aspects of life. The training taught me a better way of how to study and get better marks. It is a good method for me. It allowed me to open up my mind”.

Douglas Healy – Sutherland High School (May 2015): “This training has meant to me that I will do well in school and throughout life, it has given me motivation. I have learned how to study, summarise and take notes properly and with hard work I will apply it. The training was everything and more than I expected it to be”.

Marethe van Zyl – Hoërskool Witteberg (Mei 2015): “Dit het my werklik gemotiveer om hard te werk en tot my beste van my vermoë te probeer presteer. Die opleiding het my geleer hoe om breinkaarte te maak, asook baie interessante goed oor my brein en hoe om dit ten volle te benut. Ek het die opleiding baie geniet en dit interressant gevind. Baie geleer hierdeur. Dit was uitstekend, dankie, baie – waardeer dit”.

Johannes van Graan – Hoërskool Witteberg (Mei 2015): “Dit het vir my baie beteken omdat dit my sal help om vinniger en meer effektief te leer en dat dit my sal help om altyd positief ingestel te wees oor skool en die lewe. Ek ek sal wat ek geleer het kan toepas alhoewel dit baie selfdissipline sal verg. Ek het die opleiding bygewoon om vinniger te kan leer en dit sal beslis help. Die opleiding was baie goed aangebied. Dit was baie interressant en soms ook baie snaaks. Dit het nie soos straf gevoel nie”.

Aletta Kersop (ouer van John Kersop) – Oudshoorn (Maart 2015): “Baie dankie! As jy nie breinstimulasie genoem het nie, het ek nie geweet hoe om te maak nie. John het dit getrou gedoen. Hy het lank onthou. Die dokter het gesê hy het ‘n kort termyn geheue. Hy het sy leesboeke geken en onthou, ek was so dankbaar! Ek het ook maar baie gestres gedurende die eksamen. Hy het baie selfvertroue gekry! Op 20 jaar het hy sy matriek! Hy sou dit hê! Nicklaas Heyns van Ellisras en sy ma Heidi (was voorheen by jou opleiding) het 2 weke gelede hier in Oudshoorn kom bly. Hy is disleksies. Hy het opgehou om breinoefeninge te doen. Lees is ‘n problem. Ek het begin om vir hom te lees en te skryf by die skool. Ek het gesê hy moet eers baie van die “lazy 8″ doen soos jy ons geleer het. Die Here het hom op my pad gebring om hom nou weer uit jou program te kan help”.

Tara du Plessis (Februarie 2015): “In 2013 het ek vir die Sudy Worx program ingeskryf. Nadat ek die program voltooi het was ek vasberade om die nuwe studiemetodes en vaardighede wat ek geleer het toe te pas. Ek het elke dag harder gewerk as wat ek ooit gedoenhet. Ek het ook langer en harder geleer vir toetse en eksamens en het my kamer vol geplak met “EK KAN” papiere. My breinoefeninge was veral deel van my daaglikse roetine. Met verloop van tyd het my punte aansienlik baie verbeter. Ek kon ook langer konsentreer en het minder slaperig gevoel as gevolg van die gesonde dieet wat die program my geleer het om te doen. Die program het my nie net gehelp om intelektueel te groei nie,

maar ook geestelik. Ek het met elke goeie toetspunt meer selfvertroue gekry en het ook meer geditermineerd geword om nog beter te doen. Aan die begin van 2013, voor die program, het ek 'n wetenskap punt van 32% gehad en 'n gemiddeld van 64%. Aan die einde van my matriekjaar in 2014 het ek 'n wetenskap punt van 76% gehad en 'n gemiddeld van 78%. Ek kan nie die blydskap verduidelik toe ek my rapport gekry het nie. Hierdie program het my lewe beslis verander. Ek geniet dit nou om te leer en ek hou daarvan om dinge te doen wat my intelektueel stimuleer. Ek kyk met nuwe oë na die lewe".

Ané Aucamp – Gr 10 – Hoërskool Kempton Park (Februarie 2015): "Hierdie kursus het my geleer om effektief te leer en my tyd te benut. Dit beteken ontsaglik baie want my punte is ongelooflik belangrik vir my!"

Chanté Landsberg – Gr 10 – Hoërskool Kempton Park (Februarie 2015): "Hierdie kursus het my geleer om my werk te kan toepas, effektief te werk, om by my doelwitte te bly, om reg te leer en om meer aandag te gee aan my akademie en sport".

Jana Stofberg – Gr 12 – Jeugland Hoërskool – Kempton Park (Februarie 2015): "Hierdie opleiding is die beste kursus wat ek al beleef het en het rerig gevoel dat ek my punte kan verbeter veral as 'n matrikulant. Die breinoefeninge is fantasties! Uit die diepte van my hart sê ek vreeslik dankie, ek voel nou positief oor my toekoms".

Chrisna Rossouw – ouer – Pretoria: "Dankie, dankie, dankie vir die kursus wat julle aanbied. Dit is absoluut fenomenaal en die impak daarvan op 'n mens se lewe is revolusionêr. Ek is geweldig beïndruk met julle kursus. Selfs na die eerste klas, was daar 'n fenomenale ommeswaai by my kind se ingesteldheid, wilskrag, selfvertroue, ens. Ek wens net dat kinders die geleentheid van vroegs af kan hê om hierdie kursus te kan bywoon – selfs van laerskool dae af. Kan jy dink die positiewe impak wat dit op 'n kind se lewe kan maak as hulle dit van vroegs af hoor en die impak daarvan op 'n kind se skool- en grootmens looopbaan kan hê. Ek wens ons het dit gehad toe ons kinders was. My skool- en naskool loopbaan sou so lekker, suksesvol en verryk gewees het. Ek sal hierdie kursus wat jy aanbied, met die grootste lof aanbeveel by almal wat ek ken".

Barry Muller – ouer van Chimoné Muller – Gr. 9 – Hoërskool Piet Potgieter – Potgietersrus (Augustus 2014): "Skoolwerk is baie meer "detailed". Haar gemiddeld het verbeter van 48% tot 60%. Met van haar vakke het sy met 40% verbeter".

Jentina Becker – ouer van Dries-Jan Becker – Gr. 10 – Hoërskool Piet Potgieter – Potgietersrus (Augustus 2014): "Dries-Jan het met 10% verbeter na die opleiding. Hy leer baie beter en meer doelgerig".

Ouer van Jan-Hendrik Venter – Gr. 12 – Hoërskool Piet Potgieter – Potgietersrus (Augustus 2014): Ouer van Jan-Hendrik getuig: "Dit is die DARE opleiding wat gesorg het dat my seun so besonder goed

presteer, met meer as 7 vakke in matriek, onderskeidings vir al sy vakke behaal het en reeds beurse vir nagraadse studie as Rekenmeester het".

Mandi Odendaal – ouer van Madelie Odendaal – Gr. 9 – Hoërskool Hoogenhout – Bethal: "Met hierdie profile-ontleding verstaan ek Madelie baie beter. Emilise, dankie vir die insig wat ons kan kry oor vakkeuses. Die proses om te groei saam met ons kinders is so belangrik en dat ons dit kan toepas. Dankie vir die geestelike grondslag waarop jy jou studie-kursus doen en ook die profile-aanbieding". Pa van Madelie: "Ek ervaar baie meer insig oor hoe Madelie reageer op situasies en verstaan nou hoekom sy so optree in sekere omstandighede".

Ouer van Madeleine Stemmet – Gr. 10 – Hoërskool Hoogenhout – Bethal: "Ek het dit baie interessant gevind en ek glo Madeleinde sal die profile/program goed kan gebruik. Ek dink dit gee ook goeie insig in haar persoonlikheid en wat haar voorkeure is. Ons sal beslis die DARE program aangeveel".

Lianda Pieterse – Hoërskool Kalahari – Kuruman – Gr.8 (November 2013): "Voor die DARE opleiding was ek nooit lus om te leer nie, ek kon nooit die goed in my kop kry nie… Die werk was altyd te veel en ek het altyd gesukkel om huiswerk te doen. Na die DARE opleiding by Hoërskool Kalahari, in die derde termyn, het my Wiskunde punte verbeter vanaf 66% na 93%. Ek is meer georganiseerd met my leerproses. My Natuurwetenskap punte het ook verbeter vanaf 56% na 65%. Ek leer makliker, lekkerder en vinninger."

Elaine Swanepoel – Mother of Duhan Swanepoel – Gr. 10 – Hoërskool Brits (November 2013): "Ek het geluister na die praatjie wat Emilise vir die ouers gegee het tydens die DARE opleiding by Hoërskool Brits. Ek het begin toepas wat sy vir Duhan geleer het by die Hoërskool opleiding, op my laerskool kind (Laerskool Olienpark). My kind was nog nooit op die top 10 nie. Na die DARE opleiding, wat ek op my Laerskool kind begin toepas het, was hy eers 6de op die top 10 van die skool en later 1ste op die top 10!"

Ida van Zyl – Kuruman (Oktober 2013): "Nogmaals dankie vir jou DARE opleiding. Dit gaan baie goed met Anida, sy't met 20% gestyg!"

Annecke Reyneke, parent of Anchen Reyneke – Gr 12 – Hoërskool Garsfontein: " Anchen het na die eerste middag baie positief huistoe gekom en my baie opgewonde alles vertel. Sy het dadelik begin om die tegnieke toe te pas. Sy het al die raad wat Emilise gegee het gedoen. Anchen se Biologie punte het reeds met 30% opgekom en haar hele benadering teenoor skoolwerk het baie verbeter.

Neville Vorster – Gr.10 – HTS Witbank (October 2013): "Physics marks improved from a 60-65% to 80-90%! Thank you for the DARE course, it helped me a lot. The study habits helped me improve a lot. The brain exercises helped me to learn information a lot easier. I felt this after the third day of doing the exercises!"

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

DYNAMIC ACTION TO REBUILD AND ENHANCE

Estelle Botha – Email from a parent – Hoërskool Eldoraigne (March 2012): "The course helped my son and me! The study "light" went on for Elan. His self-motivation and self-discipline leaves me speechless, and lets me admire my Gr.11 child. Emilise you are truly prize-worthy! Thank you "Dare Training"!

Robyn-Leigh Joseph – Gr.11 The Point High School: "The training meant a lot to me. I've been struggling to get the marks I know I can get, because I have the potential for it. Now I know I can! I worked hard at my work to get money to pay for this, it was definately worth it, thanks! My marks already increased so far, my Physics mark went from 56% to 86% after the training!

Neil Hearne – Email – Oos-Moot Hoërskool: " Ek het die kursus bygewoon net voor die eksamen. Vanaf ek die kursus bygewoon het, het ek elke oggend en middag my brein oefeninge gedoen. Ek het altyd vars en positief gevoel en was na die kursus lus vir leer en vir eksamen. Ek het baie lekker geskryf en daar was nie eintlik iets wat moeilik was nie. Tannie, ek het toe baie goed gedoen. Ek het 85% gemiddeld met 5 onderskeidings gekry. My wetenskap punt vir die eerste kwartaal was 58% en na die kursus het ek dit opgebring na 79%, ek het so amper vir hom ook 'n onderskeiding gekry. Tannie, ek wil net verskriklik baie dankie sê vir tannie. Sonder tannie en die Here sou ek dit nie kon doen nie. Baie dankie dat tannie die kursus kom aanbied het vir ons."

Marike Schutte -Vereeniging Hoërskool: "Na die kursus het my Wiskunde punt met 25% gestyg en my gemiddeld met 12%. Ek was tot in gr 12, op die top 10 van die skool en het keuring gekry om as 'n veearts te gaan studeer. Dis te danke aan tannie hulle se kursus."

Céline Haarhoff – Email: " Die kursus het gehelp. Gemiddeld het ek met 5% vebeter en sal nog hoër gaan. 1. Verbruikerstudie 70% in 1e kwartaal. 79% na kursus 2. Engels 49% in 1e kwartaal 67% na kursus 3. Wiskunde Geletterdheid 41% in 1e kwartaal 75% na kursus."

Karlien Franken – Kuswag Hoërskool – feedback from her mother: "Karlien did the Eagle Wings course. She had an avarege of 84% in gr 9. Then she did the course. Her average in metric was 89% – thanks to the course! She's now a first year student and still apply everything you thought her. She studies Biochenetica – is one of the top 5 students of the first year students and does everything – she's even the top student for cultural activities. She gets 97% for her Math."

Hanani – email: "Ek het dadelik belang gestel in die kursus toe ek gehoor het hoe dit ander studente gehelp het. Voordat ek die kursus bygewoon het, het ek altyd vroegtydig begin leer vir toetse, al my werk opgesom en steeds het ek groot teleurstelling gekry met die resultate van my punte. Ek het baie moedeloos geword en nie geweet hoe moet ek leer nie. By DARE het ek brein oefeninge gekry wat ek op die proef gestel het en merkwaardig het ek 93% vir my Biologie (genetika) gekry. Ek beveel hierdie kursus ten sterkste aan.

Sms – Jannie Cronje – Gimnasium Hoërskool – Potchefstroom: "Ek het laas jaar iets in die 40% vir my

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

SW gekry en danksy tannie – hulle het ek nou 80,3% en ek het ook met 40% met my kuns opgekom. Baie dankie. Tannie is uit die Hemel."

Valmari Lamb – feedback from her mother Alida Lamb: "My kind, Valmari Lamb het verlede maand die sessies in Kimberley bygewoon. Aanvanklik was ek eers skepties maar het toe ingestem – waaroor ek NOOIT spyt sal wees nie. Van die dag na die sessie het my kind se lewe verander – sy het ewe skielik volgens program begin werk, meer georden – en ook take ten volle uitgevoer. Ek moet jou ook meedeel dat sy die dag na jou sessies Wiskunde geskryf het en sy het 50% gekry. Sy het haar kop reggekry en volledig toegepas wat jy haar geleer het en die volgende toets het sy 84% gekry!"

Jolandie Germishuys: "My dogter was by jou opleiding Dinsdag en gister-middag by Waterkloof. Sy is so positief. Sy het Donderdag-oggend Bedryfstoets geskryf en my van die skool af gebel en gesê: "Mamma, dit was so maklik".

Jackie du Preez – Hoërskool DF Malherbe: "Dit het baie vir my beteken en ek is nou meer positief as wat ek was. Dit het my meer geleer oor hoe om te leer en laat my nie meer stres nie. En ek kan konsentreer ter alle tye."

Annamarie Ferreira – Ellisras: "Ek wil net vir jou dankie sê vir wat jou kursus vir my beteken het. Onthou jy, ek het saam met die studente een Saterdag in die begin van die jaar by jou huis jou kursus gedoen. Ek het ses vakke hierdie jaar gedoen en in alles onderskeiding gekry. Ek het voldag gewerk, was Kaap toe, Vrystaat toe en Israel toe in hierdie jaar. Wie sê mens kan nie op 52 jaar van studiegewoontes en brein stimulasie leer- en daarby baat- nie!"

Hanneline – Gr 11 Port Natal: "Ek wil vir jou sê, dis die eerste keer dat my kind so gemotiveer is en omtrent opsommings gemaak het vir Toerisme. Moenie eers praat van reg eet en oefeninge doen nie. Baie dankie vir die inligting wat jy met ons gedeel het. Thank you! You changed her life!"

Anien Theron – Teacher – Laerskool JJ van der Merwe – Ermelo: "Ek het 6 jaar gelede die opleiding bygewoon by Ermelo Hoërskool en baie baat gevind by die kursus. Ek het alles toegepas en dit het uitstekend gewerk. Ek swot tans deur Unisa en swot in die aande. Omdat ek alles van die kursus steeds toepas swot ek makliker en weet ek waarna ek kan uitsien as ek agter die boeke sit. As ek my leerinhoud opsom soos ek in die kursus geleer het onthou ek alles. DOEN die kursus."

Aletta Kersop – "Ek het raad gevra by Emilise. Ek gee hulp vir kinders met lees – en leerprobleme, konsentrasie probleme of wat ADD en ADHD het. Ek het met 'n agtienjarige seun begin werk, wat baie swak gelees het. Op aanbeveling van Emilise, het ek met die brein oefeninge begin, baie daarvan. Gereeld. Ek kan getuig dat daar werklik resultate is, dit neem tyd, maar jy moet aanhou. Emilise het my geleer dat die kind positief moet wees. Hy moet glo in "Ek kan"! Die kind is nou meer doelgerig. Presteer beter. Moenie haastig wees nie en hou aan. Daar was werklik n merkbare verbetering in die Junie – eksamen se punte. Baie dankie Emilise vir al die ondersteuning en onbaatsugtige raad."

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

Carina – Hoërskool Oos Moot: “Dankie vir die inligting sessie van gisteraand by Oos Moot! Dit was baie leersaam, en het my “honger” gemaak vir meer. Ek is dankbaar dat daar ‘n groep soos DARE is. Jou inligting bied ‘n geleentheid aan ons elkeen om ‘n brug te KAN bou tussen misverstande en frustasies. Ek wens net ek het die geleentheid, om toegerus te kon word, gehad aan die begin van ons kinders se skooljare. Die verandering by Elané kon ek reeds Dinsdagoggend merk, na die eerste sessie wat jy met hulle gehad het. Sy het André en my die naweek sovêr gekry om saam met haar die oefeninge te begin doen. Nogmaals dankie. Ek sien uit om van jou te hoor. My inligting is op die lys vir die Familie-program!”

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043